higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BYKOMSTIGHEDE N5

16 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1

1.1.1	D
1.1.2	F
1.1.3	H
1.1.4	J
1.1.5	A
1.1.6	B
1.1.7	D
1.1.8	I
1.1.9	E
1.1.10	G

(10 × 2) (20)

1.2

1.2.1
- Delftware
- Klompe
- Skilderye met windmeulens (3 × 1)

1.2.2
- Turkse matte
- Geelkoper teestelle
- Fez
- Harem-elemente (Enige 3 × 1)

1.2.3
- Bamboesbybehore
- Eetstokkies
- Waaiers
- Skerms
- Sy (Enige 3 × 1)

1.2.4
- Durriemat (-tapyt)
- Sy
- Skerp kleure
- Olifantbeelde (Enige 3 × 1)

1.2.5
- Noodstukkies (‘Distressed pieces’)
- Laventel /reukwater
- Tee-gevlekte lap
- Natuurlike klipelemente

(Enige 3 × 1)
(5 × 3) (15)

1.3

1.3.1 Japannese kuns van blommerangskikking (Ikebana)

1.3.2 Die kuns van papiervouwerk wat dikwels met Japannese kultuur geassosieer word

1.3.3 ‘n Japannese kunsvorm wat van landboutegnieke gebruik maak om klein boompies in houers te kweek wat die vorm en skaal van volgrootte bome namaak.

1.3.4 'n Tipe lae brandproses wat deur tradisionele Japanse raku-keramiekbranding geïnspireer is.

1.3.5 'n Stukkie kuns of beeld wat gemaak word van 'n versameling klein stukkies gekleurde glas, klip of ander materiale.

(5 × 3) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Eikehout – Eikehout het 'n digtheid van omtrent 0.75 g/cm^3 (0.43 oz/kub.dm.) en skep groot sterkte en hardheid. Die hout is grootliks weerstandig teen insekte en aanvalle deur swamme vanweë sy hoë tannieninhoud. Dit het ook baie aantreklike grein vlamme veral wanneer dit kwartgesaag is. Eikehoutplanke was algemeen op hoë status Viking-langbote in die 9de en 10de eeue gebruik. Die hout is van groen stompe gesaag/gekap met 'n byl en wîe om radiale planke, dieselfde as kwartgesaagde hout, te lewer. Breë kwartgesaagde eikeplanke was sedert die middeleeue baie gesog vir gebruik as binne-paneelwerk van huise/geboue van aansien soos die raadsaal van die Laerhuis in Londen en in die konstruksie van meublement van aansien. Eikehout van Quercus robur en Quercus petraea, is in Europa vir die bou van skape, veral oorlogskepe gebruik tot die 19de eeu en was die vernaamste hout wat in die konstruksie van Europese houtraamhuise gebruik is. Vandag word eikehout steeds vir die maak van meubels en bevloering, houtraamgeboue en belegselproduksie gebruik.

2.1.2 Weg van sy natuurlike area af, word eikebome ook op groot skaal in bosbou as plantasiebome vir hout in Europa, Nieu Zeeland, Chilé en elders gebruik. Dit is ook dwarsdeur Europa, Argentinië en Chilé genaturaliseer (genoem Pino Oregón), en in Nieu Zeeland somtyds tot dié mate dat dit as indringerspesie (genoem wilde naaldbome) onderhewig aan beheermaatreëls is.
Die botsels is gebruik om eau de vie, 'n helder, kleurlose vrugtebrandewyn te geur. Inboorlinge van Hawaii het wa'a kaulua (dubbelromp kano's) gebou van naaldboomstamme/stompe wat aan die kus van Douglas op die strand uitgespoel het.
Die Douglas naaldboom is sedert die 1920's algemeen as 'n kersfeesboom gebruik. Douglas naaldbome word tipies in plantasies aangeplant.

(2 × 5) (10)

2.2 2.2.1 Terracotta is ‘n term wat normaalweg gebruik word vir beeldhouwerk wat in erdewerk gemaak word en ook vir ‘n verskeidenheid nuttigheidsgebruike insluitend houers (veral blompotte), water- en afvalwaterpype, dakteëls, stene en oppervlak versiering in boukonstruksie.

2.2.2 Lood-kristalglasware is voorheen gebruik om drankies in te stoor of te bedien, maar as gevolg van potensiële gesondheidsrisiko’s van lood, het hierdie gewoonte ‘n rariteit geword. Een alternatiewe materiaal is kristalglas waarin bariumoksied, sinkoksied of potasoksied in plaas van loodoksied aangewend word. Loodvrye kristal het ‘n soortgelyke artefaktiewe indeks ten opsigte van loodkristal, maar dit is ligter en dit het minder verspreidende krag. Juwele, ornamente, kroonkandelare val in hierdie kategorie.

2.2.3 Geelkoper word gebruik vir dekorasie omdat sy helder goudagtige voorkoms vir toepassings waar lae wrywing vereis word soos in slotte, ratte, laers, deurknoppe, ammunisiedoppe en kleppe vir loodgieters en elektriese toepassings en op groot skaal in geelkoper musiekinstrumente soos horings en klokke waar ‘n kombinasie van hoë bruikbaarheid (histories met hand-gereedskap), verlang word. Dit word ook in ritssluiters gebruik. Geelkoper word dikwels in situasies gebruik waar dit belangrik is dat vonke nie geslaan word nie soos in passtukke en gereedskap wat naby ontvlambare of plofbare materiaal gebruik word.

2.2.4 In 1709, het Abraham Darby ‘n kooksbranderhoogoond gevestig om gietyster te produseer en daardeur steenkool vervang, alhoewel daar aangehou is om hoogoonde te gebruik. Die voortvloeiende beskikbaarheid van goedkoop yster was een van die faktore wat tot die Industriële Rewolusie gelei het. Teen die einde van die 18de eeu het gietyster begin om smeedyster vir sekere doeleindes te vervang omdat dit goedkoper was. Koolstofinhoud in yster was nie aangegee as die rede vir die verskillende eienskappe van smeedyster, gietyster en staal tot die 18de eeu nie.

(4 × 5) (20)

2.3 2.3.1 Akrilaatpolimere behoort tot ‘n groep polimere waarna oor die algemeen as plastiek verwys kan word. Hulle is bekend vir hulle deursigtigheid, breekweerstand en elastisiteit. Hulle is ook algemeen bekend as akriel of poliakrielaat. Akrielaat polimeer word algemeen in kosmetiese ware soos naellak as ‘n kleefmiddel gebruik. (3)

2.3.2 Poliuretaan (PUR en PU) is ‘n polimeer wat uit organiese eenhede saamgestel is en wat deur ‘carbamate’ (uretaan) skakels aanmekaar gehou word. Hoewel die meeste poliuretane termoverhardende polimere is wat nie smelt wanneer dit verwarm word nie, is termoplastiese poliuretane ook beskikbaar. (3)

2.3.3 Natuurlike rubber word op groot skaal in baie toepassings en produkte gebruik, óf alleen óf in kombinasie met ander produkte. In die meeste van sy bruikbare vorms het dit ‘n groot rekverhouding en hoë veerkrag en is uiters waterdig. (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Sterling silwerware, Kristalglasware, Kristal kroonkandelare, Fluweel/Damas/Brokaatgordyne/tafeldoeke,

3.1.2 Terracotta en erdeware pottebakkery, vrugtebome, stormlanterns, kruie (roosmaryn, oregano, ment, basilie) kussings en rugleunings vir stoele.

3.1.3 Sitkussings in blou en wit patrone vir sit en rugleunings. Pottebakkerywerk vir binnenshuise plante

3.1.4 Handgemaakte items soos geweefde mandjies, houtlepels, uitgekerfde bakke, ens.

3.1.5. Kandidate kan ‘n mengsel van bykomstighede van verskillende style noem --- die hele punt is dat studente verstaan wat onder eklekties bedoel word.

(5 × 5) (25)

3.2 3.2.1 Kasgeraam – raam kan by die kleur van die seëls pas bv. pas by of kontrasterende kleur rame; album, in oop bokse op beweegbare rakke; in glaskabinette.

3.2.2 Kasgeraam – raam kan by die kleur van die muntstukke pas bv. goue muntstukke – goue raam of hout vir kontras --- op fluweel agtergrond. Album in oop bokse op los rakke, in glaskabinette.

3.2.3 Kasgeraam – raam kan by die silwer kleur pas bv. goue muntstukke – goue raam of hout vir kontras – op fluweel agtergrond. Album in oop bokse op los rakke; in glaskabinet.

(3 × 5) (15)
[40]

VRAAG 4

4.1

Onderwerpe	Weefwerk	Breiwerk
1. Definisie	Die weefstofvormings-proses deur vervlegting van skeringgaring	Die weefstofvormingsproses deur vervlegting van lusse
2. Elastisiteit	Baie minder of geen elastisiteit nie	Die weefstof toon ‘n hoë hoeveelheid rek en elastisiteit te danke aan die lusstruktuur
3. Dimensionele stabiliteit	Goeie dimensionele stabiliteit wat minder inkrimping te weeg bring	Minder dimensionele stabiliteit
4. Duursaamheid	Meer duursaam	Minder duursaam as geweefde materiaal.
5. Vogabsorpsie	Die weefstof absorbeer minder vogtigheid	Die gebreide weefstowwe absorbeer meer vogtigheid vanwee hulle losse konstruksie
6. Verslapping en lae ‘sening’	Die weefstof voorsien goeie stabiliteit vanweë insnyding van gare teen die regte hoek.	Dit skep ‘n probleem nadat dit vir ‘n lang tyd gedra is.
7. Lugdeurlaat-baarheid	Lug is minder deurlaatbaar vanweë die kompakte konstruksie van geweefde materiaal..	Lugdeurlaatbaarheid is meer as gevolg van wye struktuur van gebreide weefstof
8. Kreukel	Geweefde materiaal is meer geneig om te kreukel. Stryk en strykretensie is beter by gebreide weefstof	Gebreide weefstof is meer weerstandig ten opsigte van kreukel. Die vereis geen strykwerk nie.
9. Produksie-koste	Produksiekoste is meer as gevolg van skeervoorbereiding en die ‘desizing’ proses	Produksiekoste is minder as gevolg van die matige vervaardigingsproses.
10. Garing	Die ‘TPI’ van garing is vergelykenderwys hoër as breigare.	TPI van garing is vergelykenderwys laer as geweefde materiaal.

4.2 Decoupage is die proses van die gom van papier, materiaal, weefstof of ander goed aan ‘n oppervlak. ‘Mod Podge’ is ‘n handelsnaam van decoupage medium. Die medium, watter handelsnaam jy ook al het, word gebruik om items vas te plak en om die stuk agterna ‘n laag te verf. Papier mache is ‘n total verskillende kunsvorm waarin papierpap met ‘n kleefmiddel soos wit gom of styselpasta gemeng en gevorm word, of waarin lae papier in die kleefmiddel gedoop word en glad gemaak word op ‘n armatuur (vorm) om basies ‘n papierbeeld te produseer. Jy kan papier maché ook gebruik om oppervlakke te verfraai. Die enigste ooreenkoms is dat beide kunsvorme met papier en gom, in ‘n fundamentele sin, gedoen kan word.

4.3 Dimensies in kunsvlyt, kan nogal regtig interessante effekte skep.

- Hulle is geskakel met perspektief wat dikwels in grafiese ontwerp gebruik word, veral ‘n eensydige perspektief en ‘n tweesydige perspektief.

Twee dimensies

- Die twee dimensies is hoogte en breedte

Drie dimensies

- Die drie dimensies is hoogte en breedte en diepte. Diepte word dikwels aangewend deur ‘n skaduwee te projekteer. Drie dimensionele vorms kan dikwels deur ekstra lyne geskep word of deur ‘n netvorm te gebruik.
- Kunsvorms wat twee dimensies gebruik
- Tekening, skilderwerk, beeldhouwerk
- Kunsvorms wat drie dimensies gebruik
- Beeldhouwerk, origami
- Kunsvorms wat twee en drie dimensies gebruik
- Voorsien voorbeelde van gemengde media.

4.4 Vry-blaas

Hierdie metode het ‘n prominente posisie in glasvorming sedert sy bekendstelling in die middel van die eerste eeu voor Christus tot die laat 19de eeu en word deesdae steeds wyd as ‘n glasvormingstegniek gebruik, veral vir kunsdoeleindes. Die proses van vry-blaas behels die blaas van kort lugstote in ‘n gesmelte deel glas wat ‘n ‘gather’ genoem word en wat aan die een kant van die blaasbuis gespoel is. Dit het die effek van die vorming van ‘n elastiese vel aan die binnekant van die glasdruppel wat by die eksterne vel wat deur die verwydering van hitte van die hoogoond gevorm is, pas. Die glaswerker kan dan die gesmelte glas gou tot ‘n samehangende druppel opblaas en dit na die verlangde vorm bewerk.

Vorm-blaas

Vorm-blaas was ’n alternatiewe glasblaasmetode wat na die ontdekking van vry-blaas die eerste deel van die tweede kwartaal van die eerste eeu na Christus in bedryf gekom het. ’n Druppel gesmelte glas word aan die end van die blaaspyp geplaas en dan in ’n hout of metaaluitgekerfde vorm opgeblaas. Op daardie manier word die vorm en die tekstuur van die borrel glas bepaal deur die ontwerp aan die binnekant van die vorm eerder as deur die vaardigheid van die glaswerker.

Twee tipes vorms, naamlik ‘n enkelstuk vorm en ‘n veelstuk vorm word gereeld gebruik om vormgeblaasde houers te produseer. Eersgenoemde laat die voltooide glasvoorwerp toe om in een beweging uit die vorm verwyder te word deur dit opwaarts uit die enkelstukvorm te trek en word hoofsaaklik gebruik om tafelware en nuttigheidsvoorwerpe vir stoor en vervoer te produseer. Daarteenoor word laasgenoemde in veelpaneelvormsegmente wat aan mekaar las, gemaak en dus die ontwikkeling van meer gesofistikeerde oppervlakmodellering, tekstuur en ontwerp toelaat.
Die ontwikkeling van die vormblaastegniek het die vinnige produksie van glasvoorwerpe in groot hoeveelhede moontlik gemaak en daardeur die massaproduksie en wydverspreide distribusie van glasvoorwerpe aangemoedig.

(4 × 10) **[40]**

VRAAG 5

Studente moet items wat by die style hier onder pas, ontwerp en teken. 5 punte vir elke tekening en 5 punte vir elke verduideliking. 1 detail, 1 punt.

5.1 Skerm vir ‘n Sjinese stylkamer – gebruik bamboes en muurpapier.

5.2 Plafondetail vir ‘n Gotiese kamer.

5.3 Deur in ‘n Renaissance geïnspireerde kamer.

(3 × 10) **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou